

Sing vooraf staande: Psalm 45:1 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 92:2 (p. 466)

- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste⁺ ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dae bly, / die werke van sy hande.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 19:7 (p. 84)

Wet

Psalm 19:7 (p. 84)

- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

- ♦ *Doksologie:*
- ♦ *Aanbidding:*
- ♦ *Skuldbelydenis:*
- ♦ *Vergifnis:*
- ♦ *Dank:*
- ♦ *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- ♦ *Algemene bede:*
- ♦ *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 9:7, 10 (p. 37)

- 7 Die hart van hul wat U bely, / sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil vertroue, / is by U veilig en behoue.
- 10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Skriflesing: Nehemia 6:1-8 en Jakobus 3:1-12

Teks: Jakobus 3:5-8

Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. Want elke soort natuur van wilde diere en voëls en kruipende sowel as seediëre word getem en is getem deur die menslike natuur. Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. (Jakobus 3:5 AFR53)

Inleidend die volgende paar aanmerkings:

- ♦ Daar is baie uitsprake in die Bybel oor die mens se tong, maar daar is baie min neutrale uitsprake oor die mens se tong.
- ♦ Die woord *tong* word maar net gebruik om daarmee die hele mens aan te toon.
- ♦ Die Bybel toon dan elke keer aan dat die dinge wat oor 'n mens se tong vloei, presies dieselfde is as wat hy doen en wat in sy hart lewe.

Ons gaan kyk na die volgende dinge wat rondom die tong van die mens na vore kom:

1. My tong en my sondes

2. My tong en my naaste

3. My tong en die Here

1. My tong en my sondes

Die tong is sekerlik die ding wat 'n mens die meeste in die moeilikheid laat beland by die Here en by die mense.

- ♦ Met die tong sê ons baie keer dinge teen die Here wat nie goed is nie, soos laster of die vloekende gebruik van sy Naam.
- ♦ Of ons doen kwaad teen ons naaste wanneer ons dikwels 'n skyn van waarheid opdis teen ander mense met kwaadpraterij of skinder.
- ♦ Dan begin die storie gewoonlik met: "*Hulle sê ...*" Dis nie die reguit pad wat die Here wil hê dat ons moet loop nie.

Die Bybel het baie uitsprake oor die gebruik van die mens se tong. Maar die hartseer is dat die Here bitter min goeie dinge van ons tong te sê het.

- ♦ Daar staan in Psalm 10:7 dat 'n onregverdige mens se mond vol van vloek en van bedrog en verdrukking is.

Sy mond is vol van vloek en van bedrog en verdrukking; onder sy tong is moeite en onreg. (Psalm 10:7 AFR53)

- ♦ Let daarop dat die Here dit duidelik maak dat hierdie mens 'n slegte mens is.
- ♦ Let verder op dat die Here sommer 'n hele klomp sondes noem wat almal te doen het met wat 'n mens praat en sê.
- ♦ Daarmee stel die Here hierdie een ding al baie duidelik, naamlik dat in 'n mens se lewe dit wat jy doen en dit wat jy sê, altyd met mekaar ooreenkom.

Dis waarom die Bybel sê dat dood en lewe in die mag van die tong is en dat elkeen wat dit graag gebruik die vrug daarvan sal eet.

Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet. (Spreuke 18:21 AFR53)

- ♦ Dis omdat mens met jou mond bewys waar jy teenoor die Here en jou naaste staan.
- ♦ As jy God en jou naaste beswadder, kan jy tog nie aanspraak maak daarop dat jy die ewige lewe besit nie.

'n Voorbeeld wat hierdie saak baie duidelik demonstreer is Jesaja 3:8 waar die Here sê dat Juda en Jerusalem al twee geval het omdat hulle tong teen die Here gedraai het. Daarom moes hulle die toorn van die Here trotseer wat deur die ballingskap oor hulle gekom het.

Want Jerusalem het gestruikel, en Juda het geval; want hulle tong en hulle dade is teen die HERE om sy oë, vol heerlijkheid, te trotseer. (Jesaja 3:8 AFR53)

Dit is ook so dat die dinge wat deur iemand gesê word, iets van sy karakter openbaar.

- ♦ As voorbeeld hiervan kan ons kyk na Psalm 12:4, 5, waar dit duidelik gestel word dat die Here al die vleiende lippe sal uitroei, sowel as die tong wat grootpraat.
- ♦ U mag verbaas wees om te weet dat sulke mense die opperheerskappy van die Here verwerp.

Mag die HERE al die vleiende lippe uitroei, die tong wat grootpraat, hulle wat sê: Met ons tong is ons sterk; ons lippe is met ons! Wie is heer oor ons?

(Psalm 12:4, 5 AFR53)

Dit is mos die soort taal wat ons uit die monde van ongelowige mense hoor. 'n Gelowige mens sal nie sulke dinge kwytraak nie.

- ♦ Mense met los tonge laster nie net teen God nie, hulle laster ook teen hulle vriende.
- ♦ Wanneer jou verhouding met die Here begin afskuur, dan praat jy nie net lelik van Hom nie, jy praat lelike dinge van ander mense ook:

wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie; (Psalm 15:3 AFR53)

Jy kan so sleg wees dat jy jouself kan ryk lieg (Spreuke 21:6). Die beginsel hier is egter dat die mens wat ryk word met leuens, uiteindelik in ernstige probleme verval omdat die Here dit self iewers aan die lig gaan bring.

Die verwerwing van skatte deur 'n valse tong is 'n verwaaide asem — dodelike valstrikke. (Spreuke 21:6 AFR53)

Mense se tonge rig somtyds geweldige skade aan – soveel dat die Here self ingryp.

- ♦ Ons lees in Psalm 31:21 dat die Here somtyds mense by Hom moet wegsteek teen die sameswerings van ander mense.

U verberg hulle in die skuilplek van u aangesig vir die samesweringe van mense; U steek hulle weg in 'n hut vir die twis van die tonge.

(Psalm 31:21 AFR53)

- So sleg is mense dat God dikwels moet ingryp om regverdige mense te beskerm.
 - Die Bybel gaan dan verder en vertel dat die Here hulle selfs moet wegsteek vir die twis van mense se tonge.
- ♦ Hierdie tong wat ons gekry het om die Here mee te dien, word dus ook aangewend om haat te laat opvlam.

Dis waarom die Here ons so skerp vermaan (Psalm 34:14) dat ons ons tonge moet bewaar van wat verkeerd is, en dat ons nie bedrog spreek nie.

Bewaar jou tong vir wat verkeerd is, en jou lippe dat hulle nie bedrog spreek nie.

(Psalm 34:14 AFR53)

2. My tong en my naaste

In Psalm 57:5 kry ons net so 'n donker prentjie van wat die mens se tong verrig teenoor sy medemens.

Ék moet onder leeus lê, wraakgieriges, mensekinders wie se tande spiese en pyle is, en wie se tong 'n skerp swaard is. (Psalm 57:5 AFR53)

- ♦ Die skrywer van die betrokke psalm vertel dat hy onder leeus moet lê, met ander woorde hy word mishandel.
- ♦ Hy skryf verder dat die mense op hom wraak neem.
- ♦ Hy beleef sy medemense se kwaadstekery asof dit spiese en pyle is wat hom tref en hulle tonge asof dit 'n skerp swaard is.

Ander mense se lewensverbittering straal uit hulle sêgoed uit (Psalm 64:4, 9 – bitter woorde). Daarby laat hulle tonge hulleself dikwels in die moeilikheid beland.

wat hulle tong skerp maak soos 'n swaard, hulle pyl rig — bitter woorde! —

En hulle tong laat hulle oor hulself struikel; almal wat hulle aansien, skud die hoof. (Psalm 64:4, 9 AFR53)

Dit gebeur baie keer dat een persoon 'n ander een met allerhande mooipraatjies in 'n ding inpraat en as die een persoon wat toegee sy oë uitvee, dan is hy in groot moeilikheid.

- ♦ Dan vind hy uit dat al die mooipraatjies suiwer bedrog was (Psalm 78:36 en Psalm 109:2).

En hulle het Hom met hul mond gevlei en Hom met hul tong belieg;
(Psalm 78:36 AFR53)

Want hulle het die mond van die goddelose en die mond van bedrog teen my oopgemaak; hulle het met my gespreek met 'n leuenagtige tong,
(Psalm 109:2 AFR53)

- ♦ Sulke optrede berokken ernstige skade aan iemand anders en hou nie daarmee rekening dat jou naaste 'n beelddraer van God is nie.
- ♦ Die Here is baie ernstig oor sulke optrede en Hy straf dit dan ook baie swaar.

Die rede vir die Here se toorn oor skade teen ons naaste is omdat dit net kan gebeur waar iemand sy rug op die Here draai.

- ♦ Jeremia 9:3, 5, 8 stel dit baie duidelik dat iemand wat sy tong gebruik om te lieg, te skinder, die goeie naam van sy naaste te beswadder en om bedrog te pleeg, die Here nie ken nie.

En hulle span hulle tong, soos hulle boog, met leuens, en nie volgens waarheid is hulle magtig in die land nie; want van boosheid tot boosheid gaan hulle voort, maar My ken hulle nie, spreek die HERE. En hulle bedrieg elkeen sy vriend en praat nie die waarheid nie; hulle het hul tong geleer om leuens te praat, hulle maak hul moeg met verdraaiery. Hulle tong is 'n moordpyl; dit spreek bedrog; met die mond spreek hulle van vrede met hul naaste, maar in hul binneste beraam hulle listige planne.

As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdienste van hierdie man is tevergeefs.
(Jakobus 1:26 AFR53)

'n Mooi voorbeeld van sulke mense en hulle manier van doen is die optrede van Sanballat en Gesem, van wie ons lees in Nehemia 6.

- ♦ Die waarheid was heeltemal iets anders!
- ♦ Ons lees in hoofstuk 7 dat Nehemia die tempeldiens herstel het op daardie stadium toe hulle hom daarvan beskuldig het dat hy homself as die koning wil laat uitroep.

Oor sulke mense en wat van hulle word – nou en in die hiernamaals – word deur die Here helder geopenbaar, byvoorbeeld in Openbaring 16:10.

En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie. (Openbaring 16:10, 11 AFR53)

Hierdie vers beskryf die dinge wat gebeur het toe die vyfde engel sy skaal oor die troon van die dier uitgegooi het.

- ♦ Die klomp wat God haat het toe hulle tonge gekou van pyn.
- ♦ Die eienaardige is dat hulle net verder aangehou het om die Here te laster, maar hulle het nie tot bekering gekom nie.

Is dit nie dalk 'n baie ernstige waarskuwing teen mense wat in hierdie aardse bestaan nie weet om hulle tonge reg tot eer van God en hulle naaste te gebruik nie?

3. My tong en die Here

Kom ons kyk eerste na hoe ons ons verhouding met die Here en ons naaste inklee.

- ♦ Natuurlik is ons eerste vertrekpunt dat ons die eer van ons naaste moet beskerm en opbou.
- ♦ Al doen ons dit nie altyd korrek nie, het ons normaalweg nie probleme met hierdie beginsel nie.

Maar daar is tog probleemgebiede.

- ♦ Daar is veral een groot probleem, en dis wanneer iemand sondig en ons daarvan getuies is. Wat maak mens nou? Hoe dien ek die eer van die Here sonder om by my medemens in die moeilikheid te kom?

Ook vir hierdie gevalle het die Here 'n werkswyse voorgeskryf.

- ♦ In Matteus 18 is die pad so uitgestippel dat jy met die sondaar moet gaan praat oor sy oortreding.
- ♦ Natuurlik kan jy hom nie met skinderstories gaan konfronteer nie, maar net met feite.
- ♦ As hy nie tot bekering kom en sy sondebedrywigheid staak nie, dan moet jy 'n getuie saamneem en hom weer gaan vermaan.

As die betrokke sondaar kwaad word, is dit sy saak met die Here en hy moet dit in gedagte hou dat as hy skuldig is en hy kwaad word vir 'n medegelowige wat hom vir Christus wil wen, dan sal hy op die een of ander stadium God self in die oë kyk. Dit gaan vir hom baie ernstige moeilikheid beteken.

Indien 'n sondaar egter volhard, moet die saak aan die gemeente – dis die kerkraad – openbaar gemaak word.

- ♦ As hy na hulle bearbeiding nog nie tot bekering wil kom nie, moet hy uit die gemeente van God uitgeban word.
- ♦ Dis dan ook simbolies daarvan dat hy uit die koninkryk van God uitgeban word.

As ons so korrek optree, stel ons onself nie voor die Here bloot aan allerhande verkeerde uitsprake of 'n geskinder of selfs sonde teenoor die Here nie. *Dan kom daar uit ons mond inderdaad die regte soort van lof voort wat die Here van ons verwag.*

Daar is baie plekke in die Bybel waar dit duidelik gestel word dat ons tong gebruik moet word om die Here te loof, byvoorbeeld Psalm 35:28 waar Dawid sing dat sy tong die Here se geregtigheid prys en daarmee saam die lof van die Here die hele dag lank.

En my tong sal u geregtigheid prys, u lof die hele dag deur. (Psalm 35:28 AFR53)

Maar daar is tog een besondere gedeelte in die Bybel waarby mens nie kan verbygaan sonder om die aandag daarop te vestig nie. Dis Handeling 2 – die oggend toe die Heilige Gees uitgestort is.

- ♦ Daar was duisende mense bymekaar, wat daar is daardie dag meer as drieduisend mense gedoop.
- ♦ Die klomp mense wat daar was, het meteens iets gesien wat gelyk het soos tonge van vuur wat verdeel het en op die apostels gaan sit.

Toe begin die apostels om in die tale van die verskillende mense wat daar was, die evangelie te verkondig.

- ♦ Dit was so 'n aangrypende gebeurtenis dat daar twee keer geskryf staan (vers 8 en 11) dat die mense elkeen die evangelie hoor in die taal waarin hy gebore is.
- ♦ My tong moet die Here loof en prys en moet die evangelie tot behoud van my naaste verkondig.

Hierdie uitstorting van die Heilige Gees was die direkte gevolg van die kruisiging en opstanding van die Jesus Christus.

- ♦ Daarmee het die Here Jesus dit by wyse van openbare gebeurtenis duidelik gemaak dat sy oorwinning oor die duiwel veroorsaak dat ons ook die duiwel kan oorwin.
- ♦ Maar meer nog – ons hele lewenstyl kan verander van skinder en kwaadpraat af na 'n totaal ander een toe waar ons God loof en prys en ander mense tot bekering bring.

Die tong is 'n liggaamsdeel wat hom aan uiterstes skuldig maak. Net soos dit die Here van harte kan loof, net so kan dit ook geweldige skade aanrig – veral ook in die kerk.

- ♦ Jakobus skryf dat mens vir iets so groot soos 'n skip 'n roer kan aansit waarmee jy dit beheer. Of mens tem 'n perd met 'n stang.
- ♦ Die mens kan dus baie en groot dinge onder sy beheer kry.

Maar om 'n tong te kan tem is heeltemal 'n ander saak. Jakobus sê die tong is 'n vuur van ongeregtigheid. Vers 8:

... die tong kan geen mens tem nie. Dis 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. (Jakobus 3:8 AFR53)

Dis 'n ding wat die Here laster en wat die naaste belieg en beswadder.

- ♦ Dis 'n klein vuurtjie wat 'n hele bos kan laat uitbrand.
- ♦ Dis iets wat die hele kerk van die Here kan verwoes soos 'n groot bos wat in vlamme opgaan sodat daar net as en rook oorbly.

Die vernietigingswerk kan op baie maniere gebeur.

- ♦ Mense kan van mekaar skinder en partyskappe veroorsaak.
- ♦ Die predikant kan dwaalleer verkondig.
- ♦ Dan die ander ding: Die tong doen nie net skade wanneer hy te veel en verkeerd praat nie. Die gelowiges kan doodgewoon stilbly en niks sê wanneer hulle moet nie.

Ons het die pad in die Here Jesus Christus.

- ◆ Kom ons gee ook in hierdie saak goed aandag in ons gemeente, dat ons nie met ons tong die verkeerde pad loop nie.
- ◆ Die tong is 'n klein vuurtjie wat 'n hele bos kan laat uitbrand.
- ◆ Dis ook iets wat die dood in hom het.

Maar dis ook iets wat die Here kan verheerlik en ons naaste kan wen vir God se koninkryk. Kom ons beoefen hierdie laaste pad in ons gemeente.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 2 September 2012